

GEBEDSGIDS

vir die
Seisoen van
Menswaardigheid



SEISOEN VAN
**MENS-
WAARDIGHEID**

ubuntu • waardigheid • botho



Kopiereg © 2015 Bybelkor
Bybelkor is 'n afdeling van Bybelmedia
Privaatsak X5, Wellington 7654
Bestellings: 0860 26 33 42
www.bybelmedia.org.za



Uitgegee in samewerking met
Christelike Lektuurfonds
Privaatsak X19, Wellington 7654
Bestellings: 021 873 6964
www.clf.co.za

Alle regte voorbehou.
Geen gedeelte van hierdie boek mag
sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer
of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie,
insluitend deur fotokopiëring, plaat- of bandopnames
en enige stelsel van inligtingbewaring nie.

Tensy anders vermeld is alle aanhalings uit Skrifgedeeltes in hierdie
publikasie uit die 1983-vertaling van Die Bybel geneem.

Kopiereg © 1983 Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Met toestemming

Ontwerp en geset deur Natascha Olivier
in 10 pt op 13.5 pt Adobe Caslon Pro

Gedruk en gebind deur Paarl Litho
Rhebokslot, Wellington Nywerheidspark, Wellington 7655
Eerste uitgawe, eerste druk, 2015
ISBN 978 0 86487 789 5



Inhoudsopgawe

Hoe om hierdie boek te gebruik	4
Respekteer	6
Inleiding en voorbereiding	6
Gebede van ...	
1. Ontvang	6
2. Deel	9
3. Gee en toewyding	11
Luister	13
Inleiding en voorbereiding	13
Gebede van ...	
1. Ontvang	13
2. Deel	16
3. Gee en toewyding	20
Omarm	21
Inleiding en voorbereiding	21
Gebede van ...	
1. Ontvang	21
2. Deel	23
3. Gee en toewyding	24
Liefhê	26
Inleiding en voorbereiding	26
Gebede van ...	
1. Ontvang	26
2. Deel	28
3. Gee en toewyding	30



Hoe om hierdie boek te gebruik


Welkom by die Seisoen van Menswaardigheid! Die doel van hierdie seisoen is niks minder nie as die hernuwing van die gesig van Suid-Afrika deur die genesende krag van God wat die menswaardigheid van elke mens herstel.

Omdat dit God se werk is, moet ons begin met gebed. Slegs God kan reik tot in die harte van mense en diepliggende verandering bring. Ons moet tot God roep om dit te doen.

Hierdie boekie is ontwerp om individue, maar veral ook groepe getroue volgelinge van Jesus Christus, te help om juis dit te doen. Ons bied nederig 'n stel gebedsliturgieë vir gebruik wanneer verskillende groepe in die kerk bymekaarkom.

Hierdie liturgieë is nie riglyne vir kleingroepbyeenkomste as sodanig nie, maar kan gebruik word as openingsgebede vir allerhande soorte evangeliebedieningsbyeenkomste, kerkrade, kerkpersoneel, strategiese-beplanningsessies en, ja, klein groepe. Liturgieë vir jeugbyeenkomste, leierskapvergaderings, asook byeenkomste waar slegs mans of slegs vroue teenwoordig is, is ook ingesluit.

Die vier waardes van die Seisoen van Menswaardigheid – *respekteer, luister, omarm en liefhê* – voorsien die temas vir die gebedsliturgieë. Ons beveel aan dat 'n verskillende liturgie gebruik word elke keer dat 'n spesifieke groep vergader en



verkieslik in die volgorde wat dit in die boekie aangebied word.

Ons stel voor dat vier kerse gebruik word wanneer die liturgieë tydens opeenvolgende geleenthede gebruik word. Steek een kers aan wanneer die gebedsliturgie oor respek gebruik word. Steek 'n tweede kers aan, terwyl die eerste een reeds brand, wanneer die tweede liturgie gebruik word – die een vir luister, ensovoorts.

Hoewel die gebedsliturgieë ontwerp is om as 'n verenigde geheel gebruik te word, staan dit jou vry om 'n “knip en plak”-benadering te gebruik indien die situasie dit vereis. Indien die liturgieë wat hier aangebied word jou liturgiese verbeelding stimuleer, staan dit jou vry om aan te pas en te verander.

Die liturgieë is bedoel om alle deelnemers te betrek. Die konvensie in hierdie gids is deurgaans dat die teks wat in skuinsdruk aangebied word, bedoel is om saam gesê te word.

Elke liturgie bestaan uit drie bewegings: *ontvang, deel en gee en toewyding*. Wat ons van God ontvang, deel ons onder mekaar en gee weg aan ander. Jy sal dalk elke vergadering of byeenkoms met die eerste twee bewegings wil begin en met die derde wil afsluit.

Fred Schoeman (redakteur)

Andries Hoffman

Elize Morkel

Tipi Jacob Nthakhe

Cas Wepener

Respekteer

Inleiding en voorbereiding


Die deelnemers sing 'n inleidende lofsang terwyl voorbereidings getref word vir die aansteek van die vier kerse wat die vier waardes van die Seisoen van Menswaardigheid voorstel. Elke kers word aangesteek deur 'n verteenwoordiger van die verskillende kerke of gemeenskappe wat teenwoordig is: kinders, vroue, mans, verteenwoordigers van die polisie of enige ander persoon in 'n gesagsposisie (verkieklik in uniform). Indien die vier bidure opeenvolgend plaasvind, met dieselfde mense teenwoordig, kan een kers by elke biduur aangesteek word totdat al vier brand.

Die verskillende afdelings, Bepeinsing van die Woord van God en Skriflesings, kan deur die leier of deur verskillende mense voorgelees word terwyl die gebede deur die groep as geheel gelees word.

1. Ontvang

Bepeinsing van die Woord van God

Respek vir ander mense word gebore uit ons respek vir God (die “vrees van die Here”) en is gegrond op ons waarde vir Hom en op die menswaardigheid wat Hy skenk aan alle mense wat na sy beeld geskape is en aangestel is as sy



verteenwoordigers, as sy dienaar-heersers in hierdie wêreld (Gen 1:23-28; Ps 8). Wie ook al 'n dowe persoon vervloek, 'n struikelblok plaas voor 'n blinde persoon of veroorsaak dat 'n kind struikel, sal met die toorn van God te doen kry (Lev 19:1-4, 9-14; Matt 18:6). In Jesaja 59 beklee God Hom met straf en woede namens dié wat onregverdig behandel is. Tog is Hy bereid om soos 'n Verlosser te kom na diegene wat hul sondes bely (v 20). Daarom is ons menswaardigheid, respek en selfrespek, sowel as dié van ander mense, uiteindelik verbonde daaraan dat ons *in* Christus is wat vir ons sondes gesterf het. Christus is ons wysheid, geregtigheid, heiligheid en verlossing (1 Kor 1:26-31). Deur sy Gees herstel Hy sondaars na sy beeld. Ons kyk nie meer na ander mense volgens menslike standaarde nie (v 26), maar deur die deernisvolle oë van God. Ons sien wat hulle is as gevolg van Christus, en wat hulle kan word deur die werk van die Heilige Gees. Volgens die sonderlinge waardes van sy koninkryk is die eenvoudiges en veragtes nou in die besonder kosbaar en agtenswaardig (1 Kor 12:21-25). Terselfdertyd roep die Bybel ons om respek te hê vir diegene wat Hy in gesagsposisies aanstel (met of sonder hul kennis). Selfs wanneer hulle faal, en wanneer ons hulle aanspreeklik hou, soos ons behoort te doen, moet ons dit doen met geduld en respek (Heidelbergse Kategismus 104 – verduideliking van die vyfde gebod).

Tekste wat gelees kan word

Genesis 1:23-28; Psalm 8; Levitikus 19:1-4, 9-14;
Matteus 18:6; 1 Korintiërs 1:26-31; 12:21-25.

Gebed van ontvang

Ons loof U, o Heer, vir die respek en menswaardigheid wat U aan elkeen van ons skenk, veral dié wat verag en verwerp word.

Heer, ons loof U.

Ons omhels die Goeie Nuus dat U al ons sondes deur Christus weggewas het en u Gees oorfloedig op elkeen van ons uitgestort het om ons na u beeld te vernuwe.

Heer, ons loof U.

Ons dank U vir die gawe van u liggaam, die kerk, waar almal welkom is, aanvaar en gerespekteer word net soos hulle is.

Heer, ons dank U.

Ons dank U vir elke lid wat hierdie respek betoon in die kerk en in die wêreld, teenoor ouers en bejaardes, teenoor kinders, teenoor die armes en gestremdes, teenoor mense met gesag, en waar ook al dié met gesag ander met respek behandel en hulle dien soos U gedien het.

Heer, ons dank U.

Lofsang of voorlesing

Psalm 145 (veral v 8-9, 13-14) of 146:5-10.


Die gee en aanvaarding van menswaardigheid

Tydens 'n paar minute van stilte geniet elke persoon die teenwoordigheid van ander mense wat daar is, terwyl hulle menswaardigheid gee en aanvaar deur bloot te wys dat dit waardevol is om saam aan die voete van die Here te wees.

2. Deel

Bepeinsing van die Woord van God

In die Bybel is daar baie voorbeelde van mense wat ander mense sonder enige respek behandel het. In Genesis 19:4-9 wou al die mans van Sodom, jonk en oud, Lot se besoeker, die vreemdeling, verkrag. In Rigters 19 wou die bose mans van Gibea dieselfde doen aan 'n Leviet wat in hul stad oornag het. Uiteindelik het hy aan hulle sy byvrou gegee. Hulle het haar verkrag en die hele nag deur verrinneweer totdat sy gesterf het. In Genesis het Juda by 'n prostituut geslaap en later wou hy hê sy skoondogter moes gestenig word toe sy swanger raak, maar toe ontdek hy dat dit deur sy eie nalatigheid en promiskuïteit veroorsaak is. Ons lees in Jakobus 2:1-4 dat die gemeente spesiale sitplekke gegee het aan die welgesteldes in deftige klere, terwyl die armes in verslete klere moes staan of op die grond moes sit. Daardie ryk mense het nagelaat om hul werkers te betaal en het onskuldige mense veroordeel en vermoor. Laat ons, in die lig



van hierdie en ander voorbeelde uit die Skrif, noulettend na onself, ons gesinne, gemeentes, land en die wêreld kyk. Waar in ons wêreld sien jy die ergste gebrek aan respek? (Dit kan mense se lewe, gesinne, name, besittings, tyd en werk insluit. Dit kan ook die natuur insluit.)

Klaaggebed

Ons weeklaag, o Heer, orals waar 'n gebrek aan respek die menswaardigheid wat U geskenk het, weerspreek, sy dit owerhede teenoor die mense of mense teenoor owerhede, werkgewers teenoor werknemers of werknemers teenoor werkgewers, jongmense teenoor ouer mense of omgekeerd.

Vergeve ons, smeeek ons.

Ons weeklaag, o Heer, waar ons ook al u skepping, ander mense se lewe, werk, besittings, name, huwelike en gesinne sonder enige respek behandel het.

Vergeve ons, smeeek ons.

Ons weeklaag, o Heer, waar ons ook al bygedra het tot 'n samelewing sonder respek deur nie die evangelie van u liefde vir almal te leer en te leef nie.

Vergeve ons, smeeek ons.

Ons weeklaag, o Heer, waar ook al ons gemaklike leefwyse ons blind en apaties gemaak het teenoor die armoede wat ander van hul menswaardigheid stroop.

Heer, wees ons genadig.

Klaaglied of voorlesing

Psalm 142 of 94.

Gebed om genesing

Ons pleit by U om genesing te bring en wedersydse respek in ons gesinne, in ons land en in die wêreld te herstel. Ons bid vir 'n gesonde en regverdige ekonomie en dat alle rolspelers opreg sal bydra tot in 'n situasie waarin al ons hulpbronne volhoubaar gebruik kan word om die lewensgehalte vir almal te verbeter.

Ons vra dat U respek in ons gemeenskappe op die volgende terreine sal herstel:

_____. (Deelnemers kry geleentheid om spesifieke terreine in hul gemeenskappe te noem.)


Ons vra dat U respek in die wêreld buite ons gemeenskappe op die volgende terreine sal herstel:

_____. (Deelnemers kry geleentheid om spesifieke terreine elders in die wêreld te noem.)

3. Gee en toewyding

Bepeinsing van die Woord van God

In die Bybel kry ons ook voorbeelde van mense wat respek betoon het aan ander en hul menswaardigheid herstel het,



byvoorbeeld die beskerming wat Boas aan Rut gegee het in Rut 2:8-9; die barmhartige Samaritaan in Lukas 10:33-35, en Jesus wat die man met melaatsheid aangeraak en genees het in Markus 1:41.

Gebed van toewyding

O Heer, ons het u onoortreflike liefde sonder enige verdienste ontvang.

Daarom wy ons ons daaraan toe om elke dag te streef om daardie selfde liefde aan ander te bewys

in ons huise,

gemeentes,

skole,

waar ons werk en

en waar ons speel,

waar ons lei en

waar ons volg.

Seëning

Deelnemers kry die geleentheid om respek aan mekaar te betoon soos gebruikelik is in hul individuele kulture of deur hande vas te hou terwyl hulle 'n toepaslike lied sing en die slotseën ontvang.

Luister

Inleiding en voorbereiding

Deelnemers sing 'n inleidende lofsang terwyl voorbereidings getref word vir die aansteek van die vier kerse wat die vier waardes van die Seisoen van Menswaardigheid voorstel. Indien dit 'n eenmalige byeenkoms is, steek al vier kerse aan.

1. Ontvang

Bepeinsing van die Woord van God

Die eerste waarde van respek bring ons by die tweede waarde van luister. As jy iemand respekteer, sal jy na daardie persoon luister. Luister is vir die meeste mense baie moeilik, veral in hierdie tyd en era. Ons leef in besige tye met baie klanke wat ons hoor, maar om aandagtig te luister en te onderskei tussen al die klanke en stemme verg sekere vaardighede of minstens 'n doelgerigte poging om dit te doen. Wat menswaardigheid betref, stel ons voor dat ons daarna streef om bewustelik en waaksaam te luister na minstens drie stemme, naamlik die Skrif; die mense wat ons teëkom as wesens geskep na die beeld van God, en die konteks waarin ons leef. Deur die leiding van die Heilige Gees glo ons dat ons, deur na hierdie stemme te luister, 'n bietjie nader daaraan kom om God se stem in ons wêreld te onderskei.


Tekste wat gelees kan word

Eksodus 3; 1 Konings 3:16-28; 19; Job 42; Psalm 19; 29; Matteus 25; Filippense 1:9; Hebreërs 13.

Die luisterende gebed (aangepas)

Iemand neem die leiding en lei die groep deur hierdie luisterende gebed:

- Sit in 'n gemaklike posisie en maak jou oë toe.
Wees stil ...
- Word rustig deur bewustelik asem te haal: asem diep in en stadig uit (herhaal 'n paar maal). Kan jy jou asemhaling hoor en voel? Stilte ...
- Fokus op jouself deur, byvoorbeeld, op een van jou sinuie te konsentreer, soos gehoor. Konsentreer op wat jy hoor. Wees stil totdat die leier die volgende stap aankondig.
- Fokus op die mense wat jy die afgelope paar dae ontmoet en mee gepraat het. Waaroor het die gesprekke hoofsaaklik gehandel? Is God dalk besig om deur hulle te praat?
- Dink na oor die konteks waarbinne jy leef: wat is die hoofgebeure in die wêreldnuus ... en nasionaal ... in jou dorp/stad en plaaslike gemeenskap en gemeente ... in jou gesinslewe?
- Iemand lees een van die volgende tekste stadig.
- Is daar iets wat God jou op die hart wil druk? Stilte ...
- Maak jou oë oop terwyl iemand anders die volgende teks hardop lees.



Oor gebed en stilte – Søren Kierkegaard

(Die leier of iemand wat deur die groep aangewys is, kan hierdie gedig hardop lees.)

Namate my gebed meer aandagtig en innerlik geword het,
het ek al hoe minder te sê gehad.

Uiteindelik het ek heeltemal stil geword.

Ek het begin luister

– wat selfs verder verwyder is van praat.

Ek het eers gedink gebed is om te praat.

Toe het ek geleer gebed beteken om te hoor,
en nie slegs stil te wees nie.

Dit is hoe dit is.

Om te bid beteken nie om te luister na jouself wat praat nie.

Gebed behels stil word,

en stil wees,

en wag totdat jy God hoor.

Voorlesing

(Die leier of iemand wat deur die groep aangewys is, kan weer hardop lees.)

Psalm 19.



2. Deel

(Gebruik enigeen van die volgende gebede.)

Luister-litanie

Here, ons wil so graag eerder sêlf gehoor word as om na die mense rondom ons te luister.

Here, help ons.

Stilte ...

En wanneer ons ons Bybel lees, hoor ons so dikwels daarin wat ons reeds weet en wat ons graag wil hoor.

Here, help ons.

Stilte ...

Ook die wêreld waarin ons leef, ervaar ons te dikwels as 'n bedreiging eerder as gevul met u teenwoordigheid.

Here, help ons.

Stilte ...

In die fluistering van die windstilte, dáár is God.

Spreek, Here.

Stilte ...

Die gekruisigde Here Jesus is die Woord wat mens geword het.

Spreek, Here.

Stilte ...

In die stem van die vreemdelinge en buitelanders in ons
midde, klink die stem van engele en van God sêlf.

Spreek, Here.

Stilte ...

Amen.

Ons Vader

Ons Vader wat in die hemel is,

laat u Naam geheilig word,

help ons om U waarlik te ken,

om U en wat ons uit die Skrif van U weet en u

hunkering na geregtigheid, waarheid en genade te soek;

laat u koninkryk kom,

lei ons, as u kerk, om die goeie stryd op aarde te stry

en kleipotte te wees vir u rykdom;

Laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

Help ons om nie net onself te hoor

en ons wil op ander af te dwing nie,

maar om waarlik te luister en

die taak wat op hande is te onderskei.

Gee ons vandag ons daaglikse brood.

Voorsien in ons liggaamlike behoeftes

en maak ons oë oop vir die behoeftes van ander.

*Vergeef ons ons oortredings, soos ons ook dié vergeewe wat teen
ons oortree.*

Vergewe ons dat ons nie luister na dié rondom ons nie
en hulle soms nie eens sien nie.

En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Heer, maak ons sterk deur u Gees,
dat ons, as u beelddraers, die versoeking sal weerstaan
om ander mense nie te respekteer nie.

*Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid
tot in ewigheid.*

Ons bid dit in u Naam, drie-enige God,
na wie se beeld álle mense geskape is.
Amen.

Vrye gebed

Die leier gee geleentheid vir vrye gebed. Die deelnemers kan
spesifiek bid vir diegene wie se stemme nie gehoor word nie
omdat hulle ...

- uitgesluit,
- arm,
- hulpeloos is,
- met gestremdhede lewe,
- jonk,
- oud,
- gestigmatiseer,
- kwesbaar,
- of vreemdelinge is
- en 'n behoefte aan gasvryheid het.

Gebed van gee

(Die leier of iemand wat deur die groep aangewys is, kan die volgende gebed hardop lees of die hele groep kan saambid.)

Die gebed van St Franciskus van Assisi

Here, maak my 'n instrument van u vrede.

Waar daar haat is, laat my liefde bring.

waar daar oortredings is, vergifnis,

waar daar twyfel is, geloof,

waar daar wanhoop is, hoop.

waar daar duisternis is, lig,

waar daar droefheid is, vreugde.

O, heilige Meester, gee dat ek, in plaas daarvan

om vertroosting te soek, ander sal vertroos;

om begrip te soek, ander sal verstaan;

om liefde te soek, ander sal bemin.

Want dit is deur te gee dat ek ontvang;

deur te vergewe dat ek vergewe word.

En dit is deur te sterwe

dat ek die ewige lewe ontvang ...

Amen.



3. Gee en toewyding

Uitstuur

Wanneer ons van hier vertrek, betree ons die liturgie van die lewe ...

Gaan die wêreld in: luister na diegene
wie se stemme sag en swak is.

Ons gaan met die versekering van God se seën.

Gaan die wêreld in: luister na die pyn van die wêreld in nood.

Ons gaan met die versekering van God se genade.

Gaan die wêreld in: onderskei wat die Gees van God
ons leer en waaraan Hy ons herinner.

Ons gaan met die versekering van God se liefde.

Gaan nou; onthou wie jy is en aan Wie jy behoort.

Omarm

Inleiding en voorbereiding

Die deelnemers sing 'n inleidende lofsang terwyl voorbereidings getref word vir die aansteek van die vier kerse wat die vier waardes van die Seisoen van Menswaardigheid voorstel. Indien dit 'n eenmalige byeenkoms is, steek al vier kerse aan. (Moet nog nie die kerse aansteek nie – dit sal later gedoen word.)

1. Ontvang

Bepeinsing van die Woord van God

Wanneer ons mekaar respekteer, luister ons na mekaar. Wanneer ons na mekaar luister, hoor ons mekaar se behoeftes en bekommernisse en ons vooroordele val weg. Dan sal ons mekaar omarm. Omarming demonstreer onvoorwaardelike aanvaarding. Die vader van die verlore seun het sy eiewys seun omhels toe hy teruggekeer het (Lukas 15). Ten spyte van alles het die vader sy seun heelhartig en sonder voorbehoud teruggeneem. God doen dieselfde met ons. Ons behoort ook dieselfde aan ander te doen, veral aan dié wat ons dink dit die minste verdien.

Tekste wat gelees kan word

Galasiërs 3:28; 1 Johannes 3:17; Lukas 6:36;
Jakobus 3:9-10; Johannes 15:17; Matteus 19:13-15;
Markus 2:16; Johannes 4:4-42; Lukas 15.

Gebed van ontvang

Ritueel

Een persoon steek die derde kers aan terwyl hy/sy sê:
*Jesus het gesê: Ek is die lig van die wêreld. Wie My volg, sal nie
in die duister wandel nie, maar sal die lig hê wat lewe is.*

Gebed

Here, terwyl ons u teenwoordigheid betree,
ervaar ons u aanvaarding en liefde.

Barmhartige God, ons loof en U en dank U.

Here, ons voel die warmte van u omarming.

Genadige God, ons loof en U en dank U.

Here, ons kyk op na U as die bron van
ons welsyn en menswaardigheid.

Skepper van alles, ons loof en U en dank U.

Lofsang (opsioneel)

Voorlesing

(Die leier of iemand wat deur die groep aangewys is, kan die psalm
hardop lees of die groep kan dit saamlees.)

Psalm 133.

2. Deel

Belydenisgebed

(Almal bid saam.)

Genadige God, U het ons lief,
maar ons het U nie liefgehad nie.

U roep, maar ons het nie geluister nie.

Ons stap weg van naastes in nood.

Ons verwerp daardie mense wat U omarm.

Ons is verstrengel in ons eie belange.

Vergewe ons, bid, ons deur Jesus Christus ons Here.

(Geleentheid vir stil belydenisgebed.)

Hoor die goeie nuus: Christus het vir ons gesterf terwyl ons
nog sondaars was. Dit bewys God se liefde vir ons.

In die Naam van Christus, is julle vergewe.


In die Naam van Christus, is julle vergewe. Ere aan God.

Amen.

Gebed van die mense

Ewige God, U het vir ons 'n Verlosser, Jesus Christus,
gestuur om die mure van vyandigheid wat ons verdeel
af te breek. Verwyder haat en vooroordeel van ons en van
alle mense sodat u kinders versoen kan word met dié wat
ons vrees, kwalik neem of bedreig, en dat ons saam kan
leef in u vrede deur Jesus Christus ons Here.

Hoor ons gebede, o Heer.



Laat ons vir ons vyande bid ...

(Geleentheid vir kort gebede deur groeplede of stil gebed.)

Hoor ons gebede, o Heer.

Laat ons bid vir vrede en versoening ...

Hoor ons gebede, o Heer.

Laat ons bid vir die vernietiging van die mure
van hebsug, mag en afguns wat ons verdeel ...

Hoor ons gebede, o Heer.

Laat ons bid vir liefde, vrede en vreugde
en alles wat ons bymekaarbring ...

Hoor ons gebede, o Heer.


Laat ons bid vir diegene wat
verwerp en alleen is ...

Hoor ons gebede, o Heer.

3. Gee en toewyding

Bepeinsing van die Woord van God

Die groep staan op, omarm mekaar en sê: “*Mag God jou omarm met sy barmhartigheid en genade.*” Hierna staan die groep in ’n kring terwyl hulle mekaar omarm en die leier die groep in gebed lei:



Here, U wat ons na u beeld geskape het, wat ons 'n bietjie
laer as die hemelse wesens gemaak het en
ons met u eer gekroon het;
U wat ons heerskappy oor die werk van u hande gegee het;
wat alle dinge onder ons voete geplaas het;
gee ons die wysheid en insig om die hindernisse wat mense
verdeel af te breek en om geregtigheid, harmonie en vrede
na u wêreld te bring.

*Ewige God, heerser oor alle dinge in hemel en op aarde,
aanvaar die gebede van u kinders en
versterk ons om u wil te doen;
deur Jesus Christus.*

Amen.

Indien dieselfde groep beoog om hul volgende byeenkoms met die liturgie van selflose liefde te begin, word lede versoek om geskenkies soos lekkergoed, sjokolade of enigiets baie kleins saam te bring, wat hulle dan met mekaar sal deel as 'n teken van liefde en selfloosheid.

Liefhê


Inleiding en voorbereiding

Die deelnemers sing 'n inleidende lofsang terwyl voorbereidings getref word vir die aansteek van die vier kerse wat die vier waardes van die Seisoen van Menswaardigheid voorstel.

1. Ontvang

Bepeinsing van die Woord van God

Dit lyk of die vierde waarde van liefhê drasties afgeneem het in die wêreld. Selfs in ons Suid-Afrikaanse konteks word die lewe in baie gemeenskappe gekenmerk deur woede, geweld en haat, in so 'n mate dat 'n mens jou afvra wat met die mensheid en die waarde van liefde en selfloosheid gebeur het. In Romeine 13:8 word ons herinner aan die grootste waarde van liefde en selfloosheid – wat ons, volgens die Bybel, aan mekaar en aan God verskuldig is. Paulus sê hier: “Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê.” Volgens enige goeie finansiële beleid moet 'n skuld betaal word om moeilikheid te vermy. Daarom moet Christene dit wat hulle aan mekaar en aan God verskuldig is, betaal sodat daar nie moeilikheid tussen mense en tussen mense en God is nie. Wanneer daar geen liefde tussen mense is nie, wanneer daar geen liefde tussen mense en God is nie, bestaan daar 'n skuld



van liefde en selfloosheid. Dit is die skuld wat ons geroep word om te betaal sodat gesonde verhoudings tussen al ons gemeenskappe kan bestaan. Sodra dit gedoen is, sal geregtigheid, versoening, eensgesindheid, liefde, vrede en harmonie heers tussen mense en God.

Tekste wat gelees kan word

Levitikus 19:18; Numeri 14:18; Deuteronomium 6:5;
Matteus 5:43; 25; Johannes 13:34; Romeine 8:35;
1 Korintiërs 13:1; Filippense 2:1; 1 Johannes 2:9.

Gebed van ontvang

Here, ons loof en prys U vir wie U is en wat U vir ons gedoen het. Ons loof en prys U vir u versorging en seëninge in ons lewe.

Here, hou aan om ons te seën.


Here, ons dank U vir ons gesinne, ons ouers, ons broers en susters hier en oor die hele wêreld.

Here, hou aan om ons te seën.

Here, ons dank U vir ons kollegas, vriende, bure en ons nasie, dankie vir alle mense wat ons op 'n daaglikse basis teëkom, ongeag of hulle kennisse of vreemdelinge is.

Here, hou aan om ons te seën.

Here, ons dank U vir die lewe en al u seëninge en, asseblief, Here, hou aan om ons te seën. Amen.



Noudat ons God vir sy seën geloof en geprys het, laat ons na ons kerke en gemeenskappe kyk en daardie mense noem wat ons gebede nodig het sodat ons vir hulle kan bid.

(Deelnemers noem diegene wat hulle voel gebed nodig het, soos die siekes, haweloses, werkloses en dié wat hul lewens selfloos offer, soos die polisie, verpleegsters, dokters en onderwysers, en die groep bid om die beurt vir hulle.)

Lofsang of voorlesing (opsioneel)

2. Deel

Gebed van deel

Skepper-God, Outeur van lewe en liefde, in Jesus Christus, u Seun, het U aan ons ware liefde en selfloosheid bewys. U het ons so liefgehad dat U u eniggebore Seun gegee het sodat ons gered kan word.

Here, ons dank U dat U u Seun met ons gedeel het.

Here, ons weet nou dat, deur daardie gebaar van liefde en selfloosheid, U wil hê ons mekaar moet liefhê en onself selfloos aan mekaar moet gee deur te deel wat ons ook al het.

Here, ons dank U dat U u Seun met ons gedeel het.

(’n Oomblik van stilte.)

Here, U het vir ons mans en vroue, seuns en dogters van integriteit in al ons gemeenskappe gegee. Here, dit is u mense wat ’n gelofte gedoen het om op te staan en te veg vir waarheid en eerlikheid te midde van korrupsie, bedrog en



allerhande soorte verval. Maak hulle 'n glansende lig te midde van die duisternis; maak hulle tekens van hoop te midde van wanhoop, sodat in en deur hulle ons kan weet wat U van ons verwag.

Here, ons dank U dat U u Seun met ons gedeel het.

3. Gee en toewyding

Gebed van gee en toewyding

Geliefdes, dit is nou die tyd om die geskenke, 'n teken van die liefde en selfloosheid wat ons by Jesus Christus ons Here geleer het, met mekaar te deel.¹

Terwyl die geskenke gedeel word, ruil sowel die gewer as die ontvanger die volgende woorde uit:

GEWER:

Neem hierdie geskenk as 'n teken van liefde en selfloosheid.

ONTVANGER:

Dankie en mag God jou seën.

ALMAL:

Dankie, Here, vir die klein bietjie wat ons met mekaar kon deel. Wanneer ons nou hierdie plek verlaat, help ons om te gaan deel met diegene wat in nood is, die armes, dié wat honger is, die haweloses, die werkloses, die eensames en dié wie se lewe mistroostig is. Ons bid dit in Jesus se Naam.
Amen.

1 Vir die "bring en deel" word lede versoek om geskenkies soos lekkergoed, sjokolade of enigiets baie kleins saam te bring wat hulle met mekaar gaan deel as nog 'n teken van liefde en selfloosheid.

JEUG

Gebed van ontvang

Ewige God, U het ons na u beeld geskape en u Seun gestuur om ons te verlos.

Here, help ons om mekaar en almal te respekteer.

Ewige God, so baie mense wat twyfel, wat seerkry en wat verpletter is, het u helende aanraking nodig.

Here, help ons om ons ore oop te maak om die krete van die behoeftiges te hoor.

Ewige God, so baie mure, so baie klowe, soveel haat verdeel en skei ons.

Here, help ons om heinings te herstel, grense oor te steek en ander lief te hê, te aanvaar en te omarm.

Ewige God, ons bely dat ons in beslag geneem word deur ons eie behoeftes en begeertes.

Here, help ons om 'n gesindheid van ware dienswilligheid te ontwikkel sodat ons in liefde en selfloosheid kan dien.

Gebed van deel

Lei die jeug om die gedig “Die kind (wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga)” deur Ingrid Jonker te bid. Hierdie gedig is ook in Engels beskikbaar as “The child (who was shot dead by soldiers at Nyanga)”. (Vertaal deur Antjie Krog en André P Brink.) Jy kan die woorde van hierdie gedig (sowel Afrikaans as Engels) kry by <https://dustymuffin.wordpress.com/2007/10/13/die-kind-ingrid-jonker/>

Gebede van persoonlike deel

1. Die leier begin hierdie deel deur die lirieke te lees of die lied “The Living Years” deur Mike and the Mechanics te speel (volle teks beskikbaar op die internet).

Every generation / Blames the one before
And all of their frustrations / Come beating on your door

I know that I'm a prisoner / To all my father held so dear
I know that I'm a hostage / To all his hopes and fears
I just wish I could have told him in the living years

LEIER: In Johannes 17 neem Jesus die kwessie van disharmonie tussen geslagte in sy gebed op.
Kom, laat ons saambid:

Liewe Here, in Johannes 17 het U nie slegs gebid vir u volgelinge van daardie tyd nie, maar ook vir almal wat deur hulle boodskap in U glo...

Dat ons almal een mag wees.

Here, U het vir ons die voorbeeld gegee: net soos U in die Vader en Hy in U is deur die inwoning van die Heilige Gees – Vader, Seun en Heilige Gees as een in God ...

Dat ons almal een mag wees.

Here God, Jesus het U bekend gestel aan ons almal en sal aanhou om U bekend te stel sodat die liefde wat U vir Hom het in ons mag wees en dat Jesus self in ons mag wees ...

Dat ons almal een mag wees.

Dan sal die wêreld weet dat U Jesus Christus gestuur en ons liefgehad het soos U Hom liefgehad het.

Amen.

2. Lei die jeug om die gedig “n Paternoster vir Suid-Afrika” van Lina Spies te bid. Jy kan die woorde van hierdie gedig vind by http://www.woorde.co.za/Digters/Lina_Spies.html

Gebed van gee en toewyding

Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here (Ps 24:1).

Hemelse Vader, ons bely dat U die Here van die hele skepping is.

Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet (Matt 10:8b).

Here Jesus Christus, soos U Uself aan ons gegee het, sal ons onself aan ander gee.

Wie karig saai, sal karig oes;

en wie volop saai, sal volop oes (2 Kor 9:6).

Heilige Gees, gewer en vernuwer van lewe, wat ons lewe rig en beheer, wees met ons in alles wat ons sê en dink, hierdie en elke dag.

VROUE

Gebed van ontvang

Ewige God, U het ons na u beeld geskape en u Seun gestuur om ons te verlos.

Here, help ons om mekaar en almal te respekteer.

Ewige God, so baie mense wat twyfel, wat seerkry en wat verpletter is, het u helende aanraking nodig.

Here, help ons om ons ore oop te maak om die krete van die behoeftiges te hoor.

Ewige God, so baie mure, so baie klowe, soveel haat verdeel en skei ons.

Here, help ons om heinings te herstel, grense oor te steek en ander lief te hê, te aanvaar en te omarm.


Ewige God, ons bely dat ons in beslag geneem word deur ons eie behoeftes en begeertes.

Here, help ons om 'n gesindheid van ware dienswilligheid te ontwikkel sodat ons in liefde en selfloosheid kan dien.

Gebed van deel

(Die leier lees die gebedsversoek en die groep gee dan vir almal genoeg tyd om stil of hardop te bid. Die hele groep sluit dan saam af met die pleidooi "Here, hoor ons gebed".)

Here, ons bid vir die herstel van die menswaardigheid van vroue in ons land ...



Here, hoor ons gebed.

Here, ons bid vir die baie vroue in ons land
wat in armoede leef.

Here, hoor ons gebed.

Here, ons bid vir alle vroue wat hul kinders
as enkelouers versorg.

Here, hoor ons gebed.

Here, ons bid vir alle vroue wat mishandel word
of in vrees leef.

Here, hoor ons gebed.

Here, ons bid vir alle vroue wat met MIV
en ander ernstige siektes leef.

Here, hoor ons gebed.

Here, ons bid vir alle vroue wat aktief bydra tot die stryd
om gelykheid vir die geslagte.

Here, hoor ons gebed.

Here, ons bid vir alle vroue in leierskapposities in
ons regering, kerke, gemeenskappe en werkmak.

Here, hoor ons gebed.

Here, ons bid vir alle vroue wat bydra tot ons ekonomie en
gesinslewe deur buitenshuis en binnenshuis hard te werk.

Here, hoor ons gebed.

(Geleentheid vir vrye gebed.)

Here, hoor ons gebed. Amen.

Gebed van gee en toewyding

Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here (Ps 24:1).

Hemelse Vader, ons bely dat U die Here van die hele skepping is.

Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet (Matt 10:8b).

Here Jesus Christus, soos U Uself aan ons gegee het, sal ons onself aan ander gee.

Wie karig saai, sal karig oes;

en wie volop saai, sal volop oes (2 Kor 9:6).

Heilige Gees, gewer en vernuwer van lewe,

wat ons lewe rig en beheer, wees met ons in alles wat ons sê en dink, hierdie en elke dag.

MANS

Gebed van ontvang

Ewige God, U het ons na u beeld geskape en u Seun gestuur om ons te verlos.

Here, help ons om mekaar en almal te respekteer.

Ewige God, so baie mense wat twyfel, wat seerkry en wat verpletter is, het u helende aanraking nodig.

Here, help ons om ons ore oop te maak om die krete van die behoeftiges te hoor.

Ewige God, so baie mure, so baie klowe, soveel haat verdeel en skei ons.

Here, help ons om heinings te herstel, grense oor te steek en ander lief te hê, te aanvaar en te omarm.

Ewige God, ons bely dat ons in beslag geneem word deur ons eie behoeftes en begeertes.

Here, help ons om 'n gesindheid van ware dienswilligheid te ontwikkel sodat ons in liefde en selfloosheid kan dien.

Gebed van deel

Barmhartige God, as mans wat hier vergader is, bely ons dat ons te dikwels vroue nie behandel het met die respek wat hulle in u oë het nie.

Vergeewe ons, smeeek ons.

Ons bely dat ons ore te dikwels toe was vir die hulpkreet van die swakkes en hulpbehoewendes.

Vergeewe ons, smeeek ons.

Ons bely dat ons arms dikwels te kort was om te help en te omarm.

Vergeewe ons, smeeek ons.

Ons bely dat ons te dikwels onwillig was om opofferend lief te hê en te gee.

Vergeewe ons, smeeek ons.

(Geleentheid vir stil belydenisgebed.)

Ruimhartige God, vir die oorvloed van u seëninge oor ons dag vir dag en jaar na jaar,
gee ons u dank.

Vir lewe, vir liefde, vir kameraadskap, vir familie en vriende,
gee ons u dank.

Vir gesondheid en krag, vir voorsiene behoeftes
en vir vervulde begeertes,
gee ons u dank.

Met harte wat gestalte gee aan respek in wat ons aan ander sê
Met ore wat oop is om te luister na die behoeftes van ander
Met arms wat immer gereed is om
die verdruktes en gemarginaliseerdes te omarm
Met harte vol deernis wat ons inspireer om opofferend te gee
aanbid ons U met vreugde. Amen.

Gebed van gee en toewyding

Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar
woon, alles behoort aan die Here (Ps 24:1).

Hemelse Vader, ons bely dat U die Here van die hele skepping is.
Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet (Matt 10:8b).
Here Jesus Christus, soos U Uself aan ons gegee het,
sal ons onself aan ander gee.

Wie karig saai, sal karig oes;
en wie volop saai, sal volop oes (2 Kor 9:6).

Heilige Gees, gewer en vernuwer van lewe, wat ons lewe rig en beheer,
wees met ons in alles wat ons sê en dink, hierdie en elke dag.

LEIERS

Gebed van ontvang

Ewige God, U het ons na u beeld geskape en u Seun gestuur om ons te verlos.

Here, help ons om mekaar en almal te respekteer.

Ewige God, so baie mense wat twyfel, wat seerkry en wat verpletter is, het u helende aanraking nodig.

Here, help ons om ons ore oop te maak om die krete van die behoeftiges te hoor.

Ewige God, so baie mure, so baie klowe, soveel haat verdeel en skei ons.

Here, help ons om heinings te herstel, grense oor te steek en ander lief te hê, te aanvaar en te omarm.

Ewige God, ons bely dat ons in beslag geneem word deur ons eie behoeftes en begeertes.

Here, help ons om 'n gesindheid van ware dienswilligheid te ontwikkel sodat ons in liefde en selfloosheid kan dien.

Gebed van deel

Jesus Christus, ons Here en Koning,
ons onderwerp ons aan U.

Jesus Christus, ons Here en Koning,
help ons om U in alles te volg.

Jesus Christus, ons Here en Koning,
*help ons om mekaar en ander te respekteer –
en om 'n voorbeeld te wees vir ander.*

Jesus Christus, ons Here en Koning,
*Help ons om na mekaar en ander te luister –
en om ander te help om dieselfde te doen.*

Jesus Christus, ons Here en Koning,
*help ons om mekaar en ander onvoorwaardelik te omarm –
en ander te inspireer om dieselfde te doen.*

Jesus Christus, ons Here en Koning,
*help ons om mekaar en ander selfloos lief te hê –
en om ander aan te spoor tot liefde en goeie werke.*

Stort u Gees oor ons uit,
*mag ons die vrug van liefde, vreugde en vrede dra –
vir 'n wêreld wat dorstig is.*

Here, ons bid vir ...

(Geleentheid vir vrye gebed.) Amen.

Gebed van gee en toewyding

Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here (Ps 24:1).

Hemelse Vader, ons bely dat U die Here van die hele skepping is.

Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet (Matt 10:8b).

*Here Jesus Christus, soos U Usself aan ons gegee het,
sal ons onself aan ander gee.*

Wie karig saai, sal karig oes;

en wie volop saai, sal volop oes. (2 Kor 9:6).

*Heilige Gees, gewer en vernuwer van lewe, wat ons lewe rig en beheer,
wees met ons in alles wat ons sê en dink, hierdie en elke dag.*

GEBEDSGIDS

vir die Seisoen van Menswaardigheid

Die doel van die Seisoen van Menswaardigheid is die hernuwing van die gesig van Suid-Afrika deur die helende krag van God wat die menswaardigheid van elke mens herstel. Ons kan deur gebed deel in hierdie werk van God.

Hierdie boekie is ontwerp om individue en groepe getroue volgelinge van Jesus Christus te help om juis dit te doen – te bid. Die vier waardes van die **Seisoen van Menswaardigheid** – *respekteer, luister, omarm en liefhê*. – voorsien die temas van die gebedsliturgieë. Elke liturgie bestaan uit drie bewegings: *ontvang, deel en gee en toewyding*.

Want wat ons van God ontvang, deel ons onder mekaar en gee ons weg aan ander.

ISBN 978-0-86487-789-5



9 780864 877895 >

